

# Ons Erediens

NG Gemeente Wonderpark



**Gesinserediens saamgestel deur:**

**Dr. Ernst Endres – 6 Junie 2021**

## VOTUM

<sup>3</sup>Van waar die son opkom  
tot waar dit ondergaan,  
moet die Naam van die Here  
geprys word!

<sup>4</sup>Hoog bo al die nasies heers die Here,  
sy mag strek selfs oor die hemele.

<sup>5-6</sup>Wie in die hemel of op die aarde  
is soos die Here ons God,  
wat hoog woon en hier onder alles sien?

## SEËNBEDE

Aan die gemeente van God,  
wat Hy vir Hom in Christus Jesus afgesonder en  
geroep het om aan Hom te behoort,  
en verder aan almal, waar hulle ook al mag wees,  
wat die Naam aanroep van Jesus Christus, hulle Here en ons Here:

<sup>3</sup>Genade en vrede vir julle van God ons Vader en  
die Here Jesus Christus!

## SKRIFLESING EN GEBED

**Teks:** Hebreërs 3:1 tot Hebreërs 4:13

**Tema:** Leef in die land van rus!

### **Groot saligheid (Hebreërs 2:5 - 4:13)**

Die Joodse gelowiges in Alexandrië het hulle in stormagtige omstandighede bevind en die gevaar het bestaan dat hulle geloofslewe skipbreuk kon lei.



Hulle word aangemoedig om nie moed te verloor nie, omdat daar 'n groot saligheid in die toekoms op hulle wag.

Die skrywer verwys na hierdie saligheid as die nuwe wêreld (Hebreërs 2:5), die heerlikheid van God (Hebreërs 2:10), deelgenote van die hemelse roeping en die rus van God. (Hebreërs 3:7 - 4:13).

In Hebreërs 3:7 - 4:13 word na verskillende aspekte van die rus van die Here verwys. Ons kyk vanoggend na die vier aspekte van God se rus:

## 1. LAND VAN RUS: OORLOG / VREDE MODEL!

- **Land van belofte: land van rus!**

**Vooberei:** Terwyl die Jode in Egipte was, het verskillende volkere na Palestina getrek. Hulle het begin om die land te bewerk. Druiweprieële, vrugteboorde en olyfbome is aangeplant, terwyl huise en versterkte stede gebou is.

**Net inneem:** Met die intog het die Jode inderdaad 'n land gekry wat oorgeloop het van melk en heuning. Hulle hoef nie die land te tem nie. Hulle moet die land van rus net gaan inneem.

- **Deuteronomium 12:7-10**

**Rusplek:** Moenie doen soos ons nou hier doen deurdat elkeen aanbid waar hy wil nie, want julle het nog nie gekom by die *rusplek*, die besitting wat die Here julle God vir julle sal gee nie. Maar julle sal deur die Jordaan trek en gaan woon in die land wat die Here julle God julle sal laat besit en daar sal julle *rus* hê...."

- **Josua 14:14**

**Oorlog en rus:** Josua het sy seën uitgespreek oor Kaleb, seun van Jefunne, en aan hom Hebron as besitting toegeken. Die oorlog was verby, die land het *gerus*."

- **Josua 21:43-45**

**Gegee:** Die Here het aan Israel die hele land *gegee* wat Hy met 'n eed aan hulle voorvaders beloof het.

**Besit geneem:** Hulle het dit *in besit* geneem en daar gaan woon.

**Rus na alle kante:** Die Here het hulle na alle kante toe *rus* gegee soos Hy met 'n eed aan hulle voorvaders beloof het."



## 2. SEWENDE DAG: SKEPPING/INSTAND-HOUDINGS MODEL!

- **Rusdag:** Nadat God alles deur sy Seun geskep het, hou Hy Sy skepping deur Sy woord instand. God bly aktief terwyl Hy op die sewende dag rus. Die verskillende implikasies van die rusdag:
  - **Meester:** Jy is die *Meester* van jou omstandighede;
  - **Druk:** Die druk om *harder* te probeer is verby;
  - **Stryd:** Die lewe as 'n *stryd* is verby;
  - **Gebeure:** Daar is geen *gebeurtenis* waarvoor God nie 'n plan het nie;
  - **Probleem:** Daar is geen *probleem* waarvoor daar nie 'n oplossing is nie;

## 3. SIELERUS: GEES/SIEL MODEL

- **Hebreërs 4:12 en 13.**

**Dring deur:** Die woord van God is lewend en kragtig en dring deur tot die onderskeiding van *die siel en gees*.

**Beoordeel:** Verder beoordeel dit die bedoelings en gedagtes van die hart. Daar is ook niks in die skepping wat vir God onsigbaar is nie; alles lê oop en bloot voor sy oë."

- **Die mens bly aktief.**

Soos God, bly die mens aktief. God se woord lei ons na oplossings vir elke situasie. Terwyl ons onder moeilike omstandighede aktief bly, beleef ons hierdie innerlike rus:

- **Dieptes:** God dring tot die dieptes van die menslike psige deur;
- **Beoordeel:** Hy beoordeel die bedoelings en gedagtes van die hart;
- **Verstaan:** Hy ken ons diepste behoeftes en Hy bring daardie behoeftes na die oppervlakte;
- **Rus:** Daarna lei Hy ons in Sy rus in; Gelowiges kan tot rus kom, want niks is onsigbaar vir God!

## 4. SABBATSRUS: FINALE RUS

- **Hebreërs 4:8 - 11**

Daar wag dus nog steeds 'n sabbatsrus vir die volk van God, want elkeen wat in die rus van God ingaan, rus van sy werk, net soos God van Syne. Laat ons ons dan



beywer om in daardie rus in te gaan, sodat niemand hulle voorbeeld van ongehoorsaamheid navolg en ook omkom nie.

- **Openbaring 14:13.**

Toe het ek 'n stem uit die hemel hoor sê: "Skryf op! Geseënd is dié wat van nou af in die Here sterwe." "Ja," sê die Gees, "hulle sal *rus* van hulle arbeid, want alles wat hulle gedoen het, volg hulle".

## 5. VERBEUR GOD SE RUS! (HEBREËRS 3:7 - 19; NUMERIE 13 EN 14)

- **Voorbeeld van die Jode:**

Die gevaar bestaan dat gelowiges deur verkeerde gesindhede die rus van God kan verbeur. Die skrywer verwys na die voorbeeld van Jode in die woestyn wat die rus van God verbeur het. Moses het verspieders uitgestuur om die beloofde land, die land van rus, te gaan verken. Nadat hulle teruggekeer het, het tien verspieders verslag gegee dat die land inderdaad oorloop van melk en heuning, maar dat dit onmoontlik is om die land in te neem as gevolg van die bergwêreld, die versterkte stede en die reuse in die land.

- **Slegte gerug:**

Daarna het hulle 'n slegte gerug onder die bevolking versprei en die volk het die hele nag gemurmureer.

- **Terug na Egipte: nuwe leier:**

"Die volgende dag het hulle vir Moses en Josua gesê, as ons maar in Egipte of in hierdie woestyn gesterf het! <sup>3</sup>Waarom het die Here ons na hierdie land toe gebring? Net om doodgemaak te word? Ons vrouens en kinders sal krygsgevangenes word. Is dit nie vir ons beter om na Egipte terug te gaan nie? Kom ons kies 'n leier en gaan terug Egipte toe!"

- **God se magtige teenwoordigheid:**

Toe het die magtige teenwoordigheid van die Here by die tent van ontmoeting vir al die Israëliete sigbaar geword. Die Here het vir Moses gesê:

**"Hoe lank sal hierdie volk my almag bly onderskat? Hoe lank sal hulle weier om op My te vertrou ten spyte van al die wonders wat Ek onder hulle gedoen het?"** (Numerie 14:11)



### Samevattend:

- In die land van rus het gelowiges geleer om op die almag van God te vertrou en het hulle reuse, versterkte stede en bergwêrelde oorwin.
- Soos hulle wonderwerke in die verlede beleef het, weet hulle dat hulle nog wonderwerke in die toekoms gaan beleef.
- In die land van rus kan niks of niemand jou beroof van jou innerlike rus.

### SEËNBEDE:

<sup>6</sup>Bid dat Jerusalem vrede mag hê,  
dat hulle wat hom liefhet,  
rustig mag woon.

<sup>7</sup>Mag daar vrede wees binne jou mure,  
rus in jou wonings.

<sup>8</sup>Ter wille van my broers en my vriende  
wens ek jou vrede toe.

<sup>9</sup>Ter wille van die huis van die Here ons God  
bid ek dat dit met jou goed sal gaan.

(Psalm 122)

### OFFERGAWE

Ons gee nou geleentheid vir julle dankoffer. U as gesin kan met EFT of snapsan betaal.



NG Wonderpark.  
Absa Tjekrekening 1460165489  
Takkode:632005  
Verwysing: Dankoffer

NG Gemeente Wonderpark bied 'n advertensie geleentheid vir besighede op al ons platforms (Facebook, Webblad, Aanlyn en gesins-



eredienste). Vir meer inligting kontak die kerkkantoor:  
[kantoor@ngkerkwonderpark.co.za](mailto:kantoor@ngkerkwonderpark.co.za)

